WALLIESER PRAAT PERDE MAK
Bestudeer hul taal al twintig jaar

As 'n boer met sy ryperd gesels is dit op sigself nog nie heeltemal 'n vreemde verskynsel nie. As 'n man egter met 'n perd gesels wat nog nie voorheen onder die saal was nie, met die uitsluitende doel om die perd in te breek deur bloot sy vertroue te win, word dit 'n perd van 'n ander kleur.

Dit is presies wat 'n Walliese perdeboer, mnr Henry Blake van Carmarthen shire doen. Hy glo daaraan dat dit 'n veel beter metode is as om 'n jong bokspringende perd te wys wie baas is deur bo te bly. En as dit al was, was dit ook nog nie veel nie, maar hy beweer dat hy en sy vrou daarin geslaag het om die basiese elemente van die perd se taal te identifiseer.

Hy en sy vrou maak reeds die afgelope twintig jaar lank 'n studie van die wyse waarop perde met mekaar kommunikeer. Mnr Blake het op die gedagte gekom toe hy indertyd 'n ongetemde perd gekoop het. Hy het verras ontdek dat hy aansienlike welslae behaal as hy die perd se samewerking probeer verkry deur bloot met sy breinkrag op die perd te konsentreer. Nou het hy die tegniek in so 'n mate ontwikkel dat hy van 'n wildeperd in minder as 'n uur 'n gewillige ryperd kan maak.

'n Verslag oor die Blakes se navorsingwerk gaan nou in die gesaghebbende tydskrif 'Horse World' gepubliseer word.

Kortlik maak die Blakes daarop aanspraak dat hulle deur hul navorsing meer as honderd geluide en tekens onderskei het waardeur perde met mekaar kommunikeer en, behalwe dit, het hulle glo 'getuienis' dat perde 'n buite-sintuiglike waarnemensvermoë het wat hulle in staat stel om denkbeelde van ander diere en selfs mense te ontvang.

Dit, sê hulle, het hulle in staat gestel om wilde perde op die sagte manier te tem. Op Engels noem hulle dit 'gentling', wat van 'breaking in' onderskei moet word.

Maar, sê mnr Blake, perdetaal bestaan nie uit 'n vasgestelde reeks van klanke om 'n sekere betekenis oor te dra nie. Die perd het elf verskillende stemtone. Twee word gemaak deur die asem in te trek: 'n gesnuif of 'n sagter asemteug. Dan is

daar ook nege stemtone wat voortgebring word deur die asem uit te blaas.

Elkeen van hierdie elf stemtone kan ook op verskillende toonhoogtes uitgebring word om verskillende betekenis oor te dra. Die sagte gerunnik van 'n hings kan dus bloot 'welkom hier' aan 'n perd beteken, of dit kan op 'n ander temhoogte vir 'n vulletjie beteken: 'Kom hier, kleintjie'.

Mnr Blake probeer 'n halter om die kop van 'n merrie kry wat nog nie voorheen onder die saal was nie

Mnr Blake sê egter self dat dit makliker is om die perd se visuele taal (tekens) as die 'gesproke' taal te verstaan. Al die dele van die perd se liggaam word daarvoor gebruik – ook die bene, lippe, neus, oë, ore of hele kop – maar dit kom voor of elke teken 'n bepaalde betekenis het.

As 'n voorbeeld noem hy 'n perd wat sy ore ten volle spits en terselfdertyd snork. Dit kan vertolk word as 'Wat de duiwel is dit?'. As die ore driekwart gespits is, kan



Dit het net 'n paar minute geneem om die halter aan te kry. Mnr Blake beweer dat hy telepaties met perde kan kommunikeer

dit beteken 'Ek is wakker en gereed, kom ons gaan'. Met die ore verder terug, maar nie heeltemal plat nie, kan die perd probeer sê 'Ek is ontspanne en luister'

Die Blakes se grootste deurbraak, meen hulle, was met proewe meer van die oordra van gedagtes van een perd na 'n ander te wete te kom. Hulle het 120 proewe gedoen, en in 81 gevalle was daar positiewe resultate.

Hulle het voorheen gemerk dat sekere perde in 'n trop verkies om naby mekaar te wei. Hulle het twee van die perde afgekeer en in afsonderlike stalle, buite sig- en hoorafstand van mekaar, geplaas. Mnr Blake het dan 'n tyd lank by een van die twee deurgebring, hom gestreel en met hom gesels. Ná 'n rukkie het die ander perd

gewoonlik rusteloos geword en tekens van jalousie getoon.

Later het hulle van die 'vriende' in dieselfde omstandighede getoets. As die een doelbewus skrik gemaak is, het die ander gereageer asof hy ook skrikgemaak is.

Verder toetse het aangedui dat wanneer die een perd afsonderlik maar ongereeld kos kry, die ander ook tekens getoon het dat hy kos wil hê.

Altesame agt paar perde is deur die Blakes in die toetse gebruik. Nie elke toets was suksesvol nie, maar die Blakes meen daar is voldoende getuienis om aan te toon dat perde met mekaar kan kommunikeer deur bloot gedagtes oor te dra.

Mnr Blake beweer dat hy in staat is om sy gedagtes aan die perd oor te dra. Hy noem die geval van 'n perd met die naam Weeping Roger en sê hy kon dié perd anderhalf uur lank ry sonder om aan die teuels te raak. Die perd het presies gedoen wat hy wou gehad het!

Hy sê ondanks al die staaltjies, dat die mens en die perd die vermoë het om telepaties met mekaar te kommunikeer, is daar nog geen wetenskaplike navorsing daarna gedoen nie. Dit is iets wat hy sal verwelkom.

CHRIS MOOLMAN
LANDBOUWEEKBLAD 18 APRIL, 1973

THE 'MAJOR' WHO TALKED TO HORSES

In an article on Wales0nLine on 28 March, 2012, the reporter Brian Lee writes:-

HENRY BLAKE, whom I dubbed 'The Major' because of his military bearing, was one of the most colourful characters in hunt-racing history.

His studies in animal communication aroused world-wide interest and he wrote three books Talking with Horses, Thinking with Horses and Horse Sense which were best sellers in 15 languages.

I remember the time Henry prepared his small grey mare Iantella – which had figured in his ESP and talking experiments – for the 1975 Foxhunters Chase at Aintree at his Llanybydder mountain-top home in West Wales, and they were to

negotiate those famed Grand National fences in style finishing in ninth place.

He had told me: “I enjoy riding her around Aintree. That's all I go there for – I certainly don't expect to win.”

A fearless rider, Henry enjoyed riding in point-to-points, but most of his time was taken up with his study of communication between man and horse.

His daughter Paddy, a steward at many of the Welsh point-to-points, and who is a McTimoney-Corley animal spinal therapist, told me: “He was 25 years ahead of his time.
Somerset-born, Henry rode a lot for Dillwyn and Barbara Thomas of Bridgend and some will associate him with their Cefn Soloman and Prince Haven 11.

The latter, under Henry, dead-heated with a horse called Quip in a maiden race at the Pentyrch in 1975. However, most racegoers thought he had won outright. It was later revealed that far from being a maiden, Quip had won, among other races, the Danish St Leger! Weatherbys amazingly allowed the result to stand.

Tragically, Henry's race-riding career came to an end when he broke his neck in a fall at a horse trials event in 1977. I was amazed when I later visited him in hospital to find him in such good spirits. He even had me holding his cigarette between puffs.

Although he was to spend the rest of his life in a wheelchair, Henry dedicated himself to raising money for charities. He also took up disabled pony and trap riding and trotted into the record books setting four world records over 5,000 metres, five miles, 10,000 metres and 10 miles.

Henry, who was known as “The Man who talked to Horses”, died aged 73 in 2002
My lasting memory of him is at the Brecon Point-To-Point at Llanfrynach. I was standing on the natural bank with a couple of other racegoers, when he stood alongside me. Jokingly, I told him: “This spot is reserved for the press.”

I cannot remember his exact comments, but I'm sure he thought I was being serious!

BRIAN LEE 2012
WALESONLINE.INC